



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING

GRAAD 3

AFRIKAANS HUISTAAL

STEL 3: 2012 MODELVRAE

RIGLYNE BY DIE GEBUIK VAN JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGSVOORBEELDE (ANA)

1. Algemene oorsig

Die Jaarlikse Nasionale Assessering (ANA) is 'n summatiewe assessering van die verwagte kennis en vaardighede wat leerders aan die einde van graad 1 tot 6 en graad 9 moes ontwikkel het. As hulpmiddel vir die skoolgebaseerde assessering en om te verseker dat leerders die nodige selfvertroue ontwikkel om suksesvol deel te neem aan eksterne assessering, het opvoedkundige panele en vakspecialiste voorbeeldvraestelle ontwikkel wat onderwysers vir Taal- en Wiskunde-onderrig kan gebruik. Die voorbeeldvraestelle is ontwikkel, gebaseer op die kurrikulum wat oor die eerste drie kwartale van die skooljaar strek. Daar is ook 'n volledige Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets (ANA) vir elke graad. Die voorbeeldvraestelle, insluitend die modeltoets, is aanvullend tot die skoolgebaseerde assessering wat leerders deurgaans moet voltooi en vervang nie die skoolgebaseerde assessering nie.

2. Die struktuur van die voorbeeldvraestelvrae

Die voorbeeldvraestelle is ontwerp om verskillende tegnieke of style te illustreer om dieselfde vaardighede en/of kennis te assesseer. Spesifieke inhoudkennis of 'n vaardigheid kan byvoorbeeld geassesseer word deur 'n meervoudigekeuse-vraag (waar leerders die beste antwoord uit die gegewe opsies kies) of 'n stelling (wat van die leerder vereis om 'n kort antwoord of 'n paragraaf te skryf) of ander soorte vrae (wat leerders vra om gegewe woorde/stellings met lyne te verbind, om gegewe sinne of patrone te voltooi, om hulle antwoorde met tekening of sketse te toon, ens.). Onderwysers en leerders sal dus 'n aantal voorbeeldvraestelvrae kry wat verskillend gestruktureer is, maar wat dieselfde spesifieke inhoud en vaardigheid teiken. Blootstelling aan 'n groot verskeidenheid vraagstellingstegnieke of -style gee leerders die nodige selfvertroue om op verskillende toetsitems te reageer.

3. Verband met ander leer- en onderrigbronnemateriaal

Sommige teksgedeeltes en vrae word doelbewus vir integrering met die graadverwante werkboeke verbind. Die voorbeeldvraestelle voldoen ook aan die vereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV), graad R tot 12, die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV) vir die onderskeie grade en die Nasionale Protokol vir Assessering. Hierdie dokumente, saam met ander dokumente wat deur 'n skool voorsien kan word, sal 'n ryk bron van bronnemateriaal vorm wat onderwysers in staat sal stel om lesse te beplan en om formele assessering uit te voer.

4. Hoe om die voorbeeldvraestelle te gebruik

Alhoewel die voorbeeldvraestelle vir die verskillende grade en vakke as 'n omvattende stel saamgestel is, hoef die leerders nie op die hele stel in een sessie te reageer nie. Die onderwyser moet toepaslike voorbeeldvrae kies wat deel vorm van die beplande les. Sorgvuldig geselekteerde individuele voorbeeldvrae of 'n hanteerbare groep vrae kan tydens die verskillende stadiums van die onderrig- en leerproses soos volg gebruik word:

- 4.1 Aan die begin van 'n les as 'n diagnostiese toets om leerders se sterk en swak punte vas te stel. Die **diagnose** moet lei tot onmiddellike **terugvoer** aan leerders en **geskikte lesse** moet ontwikkel word om aandag te gee aan die geïdentifiseerde swak punte en om die sterk punte uit te bou. Die diagnostiese toets kan as tuiswerk gegee word om nie onderrigtyd in die klaskamer te verloor nie.
- 4.2 Gedurende die les as kort, informatiewe toetse om te assesseer of leerders die veronderstelde kennis en vaardighede ontwikkel soos wat die les verloop en om seker te maak dat geen leerder agter raak nie.
- 4.3 By die voltooiing van 'n les of reeks lesse as 'n summatiewe toets om te assesseer of die leerders voldoende begrip het en of hulle die kennis en vaardighede in die voltooide les(se) kan toepas. Spoedige terugvoer aan leerders is noodsaaklik, sodat die onderwyser kan vasstel of daar dele van die les(se) is wat weer behandel moet word om spesifieke kennis en vaardighede vas te lê.

4.4 Om by alle fases leerders aan verskillende tegnieke van assessering of vraagstelling bloot te stel, bv. hoe om meervoudigekeuse-vrae (MK), oop vrae of vryeresponsvrae, kortvrae, ens. te beantwoord.

Waar diagnostiese en formatiewe toetse korter in terme van die aantal vrae kan wees, sal die summatiewe toets heelwat meer vrae insluit, afhangend van die hoeveelheid werk wat reeds teen 'n sekere tyd behandel is. Dit is belangrik om seker te maak dat leerders uiteindelik genoeg oefening kry in die beantwoording van 'n volwaardige toets, soortgelyk aan dié van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets.

5. Memorandums of nasienriglyne

'n Tipiese voorbeeld van die verwagte response (nasienriglyne) word by elke voorbeeldtoets en Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets gegee. Onderwysers moet in gedagte hou dat die nasienriglyne geensins rigied is nie. Dit gee slegs breë riglyne ten opsigte van verwagte response en onderwysers moet aanvaarbare moontlikhede ondersoek en ander aanvaarbare response van die leerders aanvaar.

6. Kurrikulumdekking

Dit is van kardinale belang dat die kurrikulum in elke klas ten volle behandel moet word. Die voorbeeldvraestelle vir elke graad en vak verteenwoordig nie die kurrikulum in sy geheel nie. Dit is slegs 'n **voorbeeld** van belangrike kennis en vaardighede en dek die werk wat op die eerste drie kwartale van die skooljaar betrekking het. Die tempo waarteen die werk in sekere skoolkwartale behandel moet word, is vervat in die betrokke Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV).

7. Gevolgtrekking

Die doelwit van die Departement is om die vlak en kwaliteit van leerderprestasie in die kritiese grondslagvaardighede van gesyferdheid en geletterdheid te verbeter. Die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets is een instrument wat die Departement gebruik om vas te stel of leerderprestasie verbeter. Daar word van distrikte en skole verwag om onderwysers te ondersteun en om die nodige hulpmiddels daar te stel om die effektiwiteit van onderrig en leer in skole te verbeter. Deur van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoetse as deel van die onderwys hulpmiddels gebruik te maak, sal onderwysers leerders help om vertrouwd te raak met verskillende style en tegnieke van assessering. Indien die voorbeeldvraestelle behoorlik aangewend word, sal dit help dat leerders die toepaslike kennis opdoen en vaardighede ontwikkel om effektief te leer en om beter te vaar in toekomstige Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetse.

Lees die storie en beantwoord alle vrae.

Lank gelede het olifante geen slurpe gehad nie. Hulle neuse was kort.

Baba Olifant was baie nuuskierig en het altyd vrae gevra: " Volstruis, hoe groei j ou stertvere so lank? Kameelperd, waarom is j ou vel so vol kolle? hoe kry j y dit reg om j ou mond so groot oop te maak?"

Een oggend vra Baba Olifant: " Wat eet Krokodil vir aandete?" Die ander sê dadelik dat hy nooit weer daardie vraag mag vra nie. Baba Olifant kon verstaan hoekom nie!

Hy loop vir Voël raak en sê: " My familie het my aangesê om nooit weer hi vraag te vra nie, maar ek wil steeds weet wat Krokodil vir aandete eet!"

Voël antwoord: "Gaan na die rivier en vra self vir Krokodil." Baba Olifant Krokodil by die rivier.

"Ek het j ou kom soek, Krokodil," sê hy. "Sê asseblief vir my wat eet j y vir aandete?"

Krokodil glimlag en sê: " Kom 'n bietjie nader, dan fluister ek dit in j ou oor. Olifant buig sy kop nader na Krokodil. "Ek dink, " sê Krokodil, "ek gaan vandag vir Baba Olifant eet vir aandete!"

Skielik gryp Krokodil hom aan sy klein neusie. Baba Olifant begin huil. " Los Jy maak my seer!" Hy begin om te trek so hard as hy kan. Soos wat hy begin sy neus te rek! Hy trek en trek totdat sy neus baie lank is. Krokodil se neus met 'n plons! Arme Baba Olifant het nou 'n baie seer en baie lang neus.

Dit is hoe Olifant sy slurp gekry het.



1.1 Wat is die hoofgedagte van die storie?

.....

1.2 Wie is die hoofkarakters in die storie?

Die storie gaan oor en

1.3 Wat leer ons uit die storie?

.....

1.4 Kies die regte antwoord. Omkring die letter met die regte antwoord.

Die storie vertel ons dat ons moet . . .

- A doen wat ons vriende vir ons sê.
- B doen wat ons wil doen.
- C na ons familie luister.
- D enige-iets waarvan ons hou, doen.

1.5 Kies die regte antwoord. Omkring die letter met die regte antwoord.

Die storie gaan oor twee diere. Wie is hulle?

- A Olifant en Voël.
- B Olifant en Krokodil.
- C Baba Olifant en Krokodil.
- D Baba Olifant en die diere.

2. Bestudeer die onderstaande advertensie en antwoord die vrae wat volg.

Opedag by die dieretuin.

Waar: By die dieretuin

Wanneer: Saterdag 14 September 2012

Tyd : Vanaf 9:00 tot 16:00

Toegang: Gratis

Kom en geniet die dag en het hope pret.

Kyk na al die diere. Voer die apies

Ry op die ponies. Speel met die hasies.

Warm worsbroodjies, pizzas, hamburgers en koeldranke sal te koop wees.

Ten bate van die kinderhuis.



- 2.1 Kies die regte antwoord. Omkring die letter met die regte antwoord.
Wat noem ons 'n dier wat swart en witstrepe het en soos 'n perd lyk?

- A 'n ponie
- B 'n tier
- C 'n sebra
- D 'n donkie

- 2.2 Voltooi die sin deur die regte woord by te voeg.

Die dieretuin se opedag vind plaas op 'n
(Maandag/Woensdag/Donderdag/Saterdag).

2.3 **Omkring die regte tyd.**

Hoe laat sal die dieretuin se Opedag eindig?
(16:00/6:00/4:00/9:00).

2.4 **Onderstreep die beste antwoord.**

(Kos/Diere/Geld/Koeldrank) word ingesamel vir die Kinderhuis.


2.5 **Omkring die letter met die regte antwoord.**

... woon in hokke by die dieretuin.

- A Troeteldiere
- B Mense
- C Haaie
- D Wilde diere

3. **Lees die rympie en beantwoord die vrae.**

**By die dieretuin sien ek 'n beer,
Hy het lang, donker krullerige hare.
Ons sien 'n leeu in 'n hok.
Hy was baie kwaad.
Ons sien die groot, lang nek. En die apies laat ons lag.
Maar my gunsteling dier Was die olifant, wat van jou?**



3.1 Kies die beste antwoord uit die rympie. Omkring die letter met die regte antwoord.

Wie het donker krullerige hare

- A Kameelperd
- B Olifant
- C Beer
- D Leeu

3.2 Voltooi die sin.

Die kameelperd het 'n baie lang

3.3 Kies en omkring die letter met die regte antwoord.

Mense praat, maar leeus . . .

A raas.

B blaf.

C brul.

D sis.

3.4 Onderstreep die beste antwoord om die vraag te beantwoord.

Watter dier by die dieretuin het ons laat lag?
(beer/apie/olifant/kameelperd).

3.5 **Beantwoord die vraag in jou eie woorde.**

Wie is die koning van die oerwoud?

4. **Lees die grappie en antwoord die vrae wat volg.**

Eendag het haas en leeu by 'n restaurant ingestap. Die kelnerin het hulle laat sit en het vir die haas gevra, "Wat sal u bestel?" "Bring vir my 'n halwe kropslaai," sê die haas. Die kelnerin kyk na die leeu en vra, "Wat sal hy bestel?" "Die leeu? Hy gaan nie eet nie," antwoord die haas. Die kelnerin vra, "Hoekom, is hy nie honger nie?" Haas antwoord, "Indien hy honger was, dink jy ek sal nog hier gewees het?"



4.1 Kies die regte woord om die twee sinne saam te voeg. Omkring die woord.

'n Haas stap by 'n restaurant in ... vra vir 'n bord slaai.

(toe/en/wanneer/maar)

4.2 Onderstreep die beste woord (samevoeging).

Ek sien 'n apie (en/maar/met/plus) 'n leeu by die dieretuin.

4.3 Verbind die twee sinne deur die regte voegwoord te gebruik.

Die kelnerin het hulle laat sit. Sy vra wat hulle gaan eet.

4.4 Omkring die voegwoord in die sin.

Die apies swaai in hulle hokke, maar die leeu sit en brul in die hoekie.

4.5 Verbind die twee sinne deur gebruik te maak van die voegwoord "maar"

'n Haas eet wortels. 'n Leeu eet vleis.

5.1 **Kies die regte antwoord. Skryf dit in die oop spasie.**

Ek het my (knie/knee) seergemaak.

Ek (weet/wiet) hoe om my naam te skryf.

5.2 Omkring die regte antwoord.

'n Baba skaap word 'n ... genoem.

- A lap
- B lam
- C lamp
- D lamd

5.3 Onderstreep die regte woorde.



skryf


skreif

toedrai



toedraai

5.4 Kyk na die prente en voltooi die woord.



.....r



ka.....

5.5 Onderstreep die verkeerde woorde.

'n Baba koei is 'n (kalf/ka/kal/kav).

6.1 Kies die regte antwoord. Omkring die letter van jou antwoord.

Die voëls ... in die lug.

- A flieg
- B vlie
- C flie
- D vlieg

6.2 **Omkring die letter van die regte woord om die sinne te voltooi. Die woorde word dieselfde geskryf, maar het verskillende betekenis.**

My sussie is ... jaar oud.

Die seun het 'n ... in die rugbywedstryd gedruk.

- A die
- B dri
- C drie
- D drei

6.3 Onderstreep die regte antwoord.

Watter van die onderstaande woorde kan in albei sinne gebruik word?

Die horlosie is baie

Die speletjie baie lank.

deur duur dier duer

6.4 Gebruik die woord "fiets" in 2 sinne om die verskil in betekenis aan te dui.

6.5 Kies die regte woord. Omkring die letter met jou antwoord.

Die blonde meisie het 'n ... vel.

- A lugte
- B ligge
- C ligte
- D lig

7.1 Kies die regte antwoord. Omkring die letter met jou antwoord.

Die appel is ...

- A hard
- B hart

7.2 Kies die regte antwoord. Omkring die letter met jou antwoord.

Mamma kook 'n pot ... vir die skoolbasaar.

- A reis
- B rys

7.3 Lees die sin en onderstreep die regte antwoord.

Die man (lei/ly) aan 'n ernstige siekte.

7.4 Kyk na die prentjie en kies die regte woord.



Gister het ek by die (trape/trappe) opgehardloop.

7.5 Maak 'n sin met die woord - stert.

8.1 Skryf die onderstaande woorde oor in lopende skrif.

leeu

seekoei

8.2 Onderstreep die regte woord.

Die (ys/eis) smelt in my glas.

8.3 Skryf die onderstaande sin oor in lopende skrif.

Daar is pragtige diere in die dieretuin.

8.4 Vul die ontbrekende woord in. Skryf dit in lopende skrif.

Ons noem 'n baba leeu 'n

8.5 Omkring die regte woord. Skryf dit oor in lopende skrif.

Het j y die (olifant/olivant) by die dieretuin gesien?

9.1 Skryf die onderstaande sin oor in lopende skrif.

Ek is bang vir 'n krokodil.

9.2 Voltooi die onderstaande alfabet letters. Skryf dit in lopende skrif en ook in hoofletters.

g k u

9.3 Verbind die lopende skrif letters met die gedrukte skrif letters.

Kolom A	Kolom B
9.3.1 F (Skryf in lopende skrif op skryfbord)	A F
9.3.2 R (Skryf in lopende skrif op skryfbord)	B R

9.4 **Skryf die onderstaande woorde oor in lopende skrif. Maak van hoofletters gebruik waar nodig.**

Pragtig

Addo Olifant Park.....

9.5 **Skryf die onderstaande sin oor in lopende skrif. Maak gebruik van ongelinieerde papier.**

Die olifant het 'n lang slurp.

.....

10.1 Skryf 5 vrae neer wat jy vir 'n nuwe maatjie in die klas sou vra.

10.2 Skryf ten minste 5 opdragte neer wat jy vir 'n vriend sou gee wat saam met jou na jou baba boetie moet omsien.

10.3 Lees die onderstaande stellings. Skryf die stellings oor in die vorm van vrae.

Ek sien 'n groot swart kat.

Die kat het wit ore.

Die kat se pote is swart.

Die kat het 'n pragtige swart pels.

Die kat miaau, want hy is honger.

10.4 Skryf 'n artikel van 5 sinne aan die plaaslike koerant, waarin jy hulle vra om geld te help insamel vir die kindershuis.

10.5 Identifiseer die sinstipes.
Kies en omkring die letter van die korrekte antwoord.

Tel jou klere van die vloer afop!

- A stelling
- B opdrag
- C sin
- D vraag

11.1 Kies en omkring die letter met die regte werkwoord.
Ek ... skool toe.

- A sap
- B sop
- C stap
- D stop

11.2 Onderstreep die regte selfstandige naamwoord in die onderstaande sinne.

Die seun eet sy middagetete.

Ek sien 'n tannie by die deur.

11.3 Omkring die byvoeglike naamwoord in die onderstaande sinne.

Die beeldskone dame kam haar hare.

Die lang man lees die koerant.

11.4 Vind die regte woord om die sin te voltooi.

	Kolom A	Kolom B
11.4.1	Een leeu, maar baie ...	A apies
11.4.2	Een apie, maar baie ...	B leeus

11.5 Vul die regte bywoord in die sin.

Die seuns hardloop om betyds by die skool te kom.

Die meisie stap, want haar voete is seer.

12.1 Skryf ten minste 10 sinne van jou eie keuse.

12.2 Skryf ten minste 10 sinne oor jou besoek aan die dieretuin.

12.3 Skryf jou eie storie van 10 sinne oor enige dier. Gee 'n naam vir jou storie.

12.4 Skryf jou eie storie. Jou storie mag nie minder as 8 sinne hê nie en moet gaan oor jou besoek aan die dieretuin.

12.5 Voltooi die storie en gebruik nie meer as 8 sinne nie.

Eendag lank gelede was daar 'n klein, stout apie. Hy was altyd in die moeilikheid. Eendag toe die skoolkinders die dieretuin kom besoek, het hy ...

13.1 Skryf die onderstaande sin korrek oor deur gebruik te maak van die korrekte leestekens.

die kinders sê mamma ons moet saterdag na die dieretuin gaan

13.2 Skryf die sin oor en maak gebruik van die korrekte leestekens.

Waar is die apies lees en kameelperde

13.3 Skryf 3 sinne (1paragraaf) deur gebruik te maak van die onderstaande leestekens:

komma, hoofletter, uitroepteken, punt, aanhalingstekens

13.4 Kies die regte leesteken vir die onderstaande sin. Skryf dit op die regte plek in die sin.

, . ? ! " "

Waar gaan jy heen

13.5 Korrigeer die leestekens in die onderstaande paragraaf. Skryf die sinne oor.

goeienag almal sê harry. zzz klink lucy tommy en sandy. harry kan steeds nie slaap nie gaan hy ooit aan die slaap raak

14.1 Kies die regte antwoord. Omkring die letter met die antwoord.

Daar is twee ... by die kantoor.

- A man
- B mens
- C mans
- D mane

14.2 Onderstreep die regte woord.

Die meisie skryf ... (skiterende skitterende skiterrende
skitterrende) stories.

14.3 **Kies die regte antwoord. Omkring die letter met jou antwoord.**

Ek het baie . . . in my mond.

- A tand
- B tande
- C tands
- D tante

14.4 Verbind die enkelvoud met die meervoud.

Kolom A	Kolom B
14.4.1 vrou	A vrouens
14.4.2 heks	B hekse

14.5 Kyk na die prent en skryf die regte meervoudsvorm in die sin.



Ek sny op my hamburger.

15.1 Kies die regte woord. Omkring die letter met die antwoord.

Ons bly in 'n groot

- A hys.
- B huis.
- C heis.
- D hius.

15.2 Vul die ontbrekende woord in.

Ek kan die tyd aandui deur op my te kyk.



15.3 Kies en onderstreep die regte woord.

Ek skryf op 'n stuk (papier pappier papuur pappuur).

15.4 Omkring die regte woord.

Ek drink graag warm ... vroeg in die oggend.

Kofie koffie kovie kovvie

15.5 Voltooi die sin.

Die dame wat my by die skool help om te lees is my

